# OOR KINDERLITERATUUR EN HIERDIE BOEKLYS

Ek wil graag vanuit die staanspoor bieg dat hierdie boeklys nog heelwat werk nodig het. My eie agtergrond in kinderliteratuur is diep sowel as breed, maar ek was sedert die 1990s nie meer so deeglik op hoogte van nuwe publikasies nie. Toe Erika my vra om ‘n nuwe boeklys saam te stel, het ek besef dat ek inderhaas soveel as moontlik nuwe boeke vir hierdie ouderdomsgroep sal moet lees – en dit het ek ook gedoen binne die beskikbare tyd.

Daar is ou boeke wat op hierdie lys hoort en nie hier is nie.  Daar is sekerlik nuwe publikasies wat hier hoort en nie hier is nie.  Ek hoop veral dat daar nog baie nuwe boeke gaan verskyn wat met reg hier sal pronk.  Ek sal enige voorstelle waardeer, probeer opspoor en oorweeg vir die volgende lys.

Hierdie is nie ‘n lys van die gewildste kinderboeke in Afrikaans nie.

Die doel van die lys is eerder om  uiteindelik verteenwoordigend te wees van die beste kinderliteratuur wat ooit in Afrikaans verskyn het.

Hoekom moet my kind dan literatuur lees eerder as sommer net ‘n boek?  Ons versorg ons kinders so goed ons kan en sou geskok wees as iemand voorstel dat hulle netsowel drie keer ‘n dag kan gemorskos kan eet.  Maak dit dan nie des te meer meer saak dat die boeke wat hul wel lees, uitstekend moet nie?

Maar kinderliteratuur het ‘n addisionele belangrike element: die kind gaan deur bepaalde ontwikkelingsfases en kinderliteratuur pas daarby aan. Maria Montessori het haar toegespits op vensterperiodes – spesifieke ouderdomme waarop ‘n kind se hele wese ingestel is op die verwerwing van ‘n vaardigheid. Op daardie ouderdom verwerf die kind speel-speel die vaardigheid, op ‘n ander ouderdom voel dit na werk.  Die regte boek, op die regte stadium, het ‘n lewenslange effek op die leser.  Dit is geweldig belangrik dat ouers nie hul kinders blootstel aan boeke wat gemik is op ouer lesers nie: nie alleen kan dit tematies heeltemal onvanpas wees nie, maar ‘n ongelukkige vroeë bekendstelling kan die kind huiwerig maak om ‘n tweede poging aan te wend. Tog kon daardie selfde boek ‘n jaar later een van die kind se gunstelingboeke ooit word.

Hierdie magiese ontmoeting tussen boek en leser is nie die enigste waarde van kinderliteratuur nie.  Wat literatuur bo ‘n blote boek verhef, is dat dit ‘n kunswerk is; vir party kinders, hul enigste blootstelling aan kuns; wat in hulle ‘n lewenslange waardering vir die kunste kan ontwaak.  Die kind se eie kreatiwiteit en verbeelding word aangewakker en ontwikkel.  Die emosionele ontwikkeling van die kind word ook onderskraag deur die subtiele ontwikkeling van die boek se karakters.  Kinderliteratuur leer die kind empatie, ‘n begrip vir ander mense en selfs ‘n sensitiwiteit vir ander kulture.  Die regte boek sleur sy leser mee op ‘n reis, en die reisiger kom terug as ‘n beter, ryker mens.

Afrikaans is ‘n taal met ‘n betreklik klein aantal sprekers en lesers, en nog ‘n kleiner poel skrywers, kinderboekskrywers, goeie kinderboekskrywers... Daar is ‘n magdom goeie Engelse boeke beskikbaar, wat uiteraard moet meeding in ‘n baie groter poel – en ‘n mens kan, as algemene riglyn, eenvoudig die pryswenners uitsoek om kwaliteit te verseker. Waarom dan soek vir Afrikaanse boeke wanneer die kind ewe goed is in Afrikaans as Engels? ‘n Kind van hierdie jare is nog besig met taalvaslegging: as hy blootgestel word aan literêre werke in sy moedertaal, leer hy ‘n waardering vir die klank en ritme wat eie is aan Afrikaans, word sy woordeskat en idiomatiese kennis van sy taal eindeloos verryk. Daarom is die soektog na een goeie Afrikaanse boek die moeite werd, eerder as die aankoop van ‘n paar minderwaardiges.

Met alle dank en erkenning aan Mev. Lyndhurst en tannie Lydia Snyman, wat die wêreld se beste kinderliteratuur vir Afrikaanse kinders beskikbaar gestel het; aan my ouma Hester Heese, my ma, my man en ons twee dogtertjies.

Karla Mey, Melkbosstrand, Mei 2017

BOEKLYS

Die ouderdomsgroep vanaf 6 tot 9 verteenwoordig ‘n hele paar spronge in kinderliteratuur. Ek het dit goedgedink om hierdie leeslys te begin met verteenwoordigende boeke uit al daardie fases: die gevorderde prenteboek, beginner selflees boeke en boeke vir lesers wat al hul voete gevind het. Hier is ook ‘n lys vir gevorderde lesers van ongeveer 9-10 jaar oud, asook vir 11-12 jariges. Tematies begin die boeke vir die ouer lesers al raak-raak aan jeugboek-onderwerpe en daarom is dit altyd belangrik dat ouers nie net blindelings boeke oorhandig sonder om te weet waaroor dit gaan en of dit gepas is vir die spesifieke kind nie.

Ek merk hier en daar boeke met ‘n (*) om aan te dui dat daardie boek myns insiens veral aanklank sal vind by ‘n seun. Dit beteken definitief nie dat ek dit nie vir meisies aanbeveel, of dat die ander boeke ongeskik is vir seuns nie. Sekere van die boeke is juis my dogters se gunstelinge ook!

## Gevorderde Prenteboeke

(Ek beveel hierdie boeke veral aan vir voorlees deur die ouer, omdat daar dikwels ‘n poëtiese element is wat sou verlore raak met selflees. Hierdie boeke is ook wat inhoud aanbetref meer verwikkeld as wat ouers dikwels besef en is daarom juis die beginpunt vir talle diep gesprekke, wat verlore gaan as die kind alleen lees. Probeer egter, as u nie reeds vroeër die gewoonte gevestig het nie, om gesprekkke uit te stel tot aan die einde van die verhaal, sodat die boek self eers klaar kan praat.)

- Aardema, Verna: Anansi soek ‘n Domkop, Anansi
- *  Ardizzone, Edward:   Tim Stok-alleen, Qualitas
    - Tim se Heldedaad
    - Paul die Held van die Sirkus, Qualitas
    - Klein Tim en die Dapper Seekaptein
    - Tim in Gevaar
    - Tim en Charlotte
    - Peet en die Skat
    - Kool word Skeepskok
- Barklem, Jill: die Krommehaag-reeks
    - ‘n Lentestorie, Human & Rousseau
    - ‘n Somerstorie, Human & Rousseau
    - ‘n Herfsstorie, Human & Rousseau
    - ‘n Winterstorie, Human & Rousseau
- *  Biro, Val: Vonkie vir Altyd, Human & Rousseau
    - Vonkie by die See, Human & Rousseau
    - Vonkie Verjaar, Human & Rousseau
    - Vonkie en die Olifant, Human & Rousseau
- *  Bishop, Claire: Die man wat sy kop verloor het, Anansi
- Cooney, Barbara: Kantekleer en die Jakkkals, Anansi
- De Felice, Cynthia: Muil-Eiers, Anansi
- De Paola, Tomie: Die Legende van die Persiese Tapyt, Anansi
    - Tonie se Brood, Anansi
- *  Dr. Seuss: Die 500 Hoede van Sebastiaan Klippers, Anansi
    - Herrie broei die eier uit, Anansi
    - En dit nogal alles in Bosbessiestraat, Anansi
- *  Emberley, Michael: Die Geskenk, Anansi
- Gerstein, Mordicai: Die Robbe-ma, Anansi
- Godden, Rumer: ‘n Familie Katjies, Anansi
- Hauff, Wilhelm: Kalief Ooievaar, Die Kinderpers

- Janosch: Ai, hoe mooi is dit in Panama, Tafelberg
    - Die Grootste Geluk op Aarde, Tafelberg
    - Pos vir die Tiertjie
- Krause, Ute: Oskar en die baie honger draak, Protea
- Linde, Freda: Maraaia Prima-donna, Anansi
- Lionni, Leo: Tiko en die Goue Vlerke, Anansi
- Locke, Thomas: Die Perd op die Heuwel, Anansi
    - Vaar met die Wind, Anansi
- * Lööf, Jan: Koos Berg se Tower-Tog, Human & Rousseau
- McCloskey, Robert: Die Eendjies Kom, Qualitas
    - ‘n Onvergeetlike Oggend, Qualitas
    - ‘n Tyd van Wonder, Anansi
- McGill-Callahan, Sheila: Die Betowerde Swane, Anansi
- * Mosel, Arlene: Tikki Tikki Tembo, Anansi
- * Mounier, Fabienne: Die kuns van katwees, Protea
- Ness, Evaline: Piet, Bog en Bernardus, Human & Rousseau
- Paterson, Katherine: Die Koning se Gelyke, Anansi
- Rosenberg, Liz: Die Mallemeule, Anansi
- Rudolph, Marguerita: Die dapper soldaat en ‘n dosyn duiwels
- San Souci, Robert: Die Betowerde Muurtapyt, Anansi
    - * Die Seun en die Spook, Anansi
- Schröder, Brigitte: Arnie, Anansi
- Schulevitz, Uri: Die Geheime Kamer, Anansi
- * Spier, Peter: Sal hulle nie bly wees nie!, Human & Rousseau
    - Verveeld – niks te doen nie, Human & Rousseau
- Stone, Martie: Die Singende Den, Anansi
- Thurber, James: Die Maan is Joune, Anansi
- Wildsmith, Brian: Die Kersieboom, Oxford
- * Yeoman, John: Polfyntjie en Katryn, Anansi
- Young, Ed: Die Rooi Draad, Anansi
    - Lon Po Po, Anansi

- Zimnik, Reiner: Die Slim Uiltjie, Anansi

**Storieversamelings vir voorlees, of vaardige lesers**

(Ek gee net enkele voorbeelde van onlangse publikasies wat ek as voortreflik beskou.)

- Hartman, Bob: Die Groot Storieverteller Slaaptyd-Boek, Human & Rousseau
- * Percy, Graham: Verhale uit die Arabiese Nagte, Human & Rousseau
- Pirotta, Saviour: Rondom die Wêreld in 80 Stories, Lapa
- Wybenga, Gretel: Sneeuwitjie en ander prinsesstories, Lapa

**Selflees-boeke vir beginners**

(Die boeke in hierdie afdeling is daarop gemik om die beginner-leser aan te moedig en te beloon vir sy inspanning. Dit volg dus dat die woordeskat eenvoudig moet wees en die teks - en storielyn – noodwendig beperk. Die illustrasies mag mooi en interessant wees, maar is selfde die soort kunswerke wat die voorafgaande lys kenmerk. Hierdie boeke verteenwoordig dus ‘n stap agteruit, vergeleke met die verwikkelde prenteboek, maar vir ‘n noodsaaklike rede – naamlik of selflees, spesifiek, te bevorder. Daar is baie, baie boeke vir hierdie mark, maar hulle is beslis nie almal van dieselfde kwaliteit nie.)

- * Adamson, Gareth: Ou Man in die Boom, Anansi
- Brenner, Barbara: Rosa & Marco en die Drie Wense, Anansi
- Croll, Carolyn: Te Veel Oumas, Anansi
- Deetlefs, Rene: Elke ding op sy Plek, Human & Rousseau
- * Dr. Seuss: Die kat kom kuier, Human & Rousseau
    - Die kat kom weer, Human & Rousseau
    - Groen ham en eiers, Human & Rousseau
- Graves, Robert: Die Groen Boek, Human & Rousseau
- Hänel, Wolfram: Mia die Katjie op die Strand, Anansi
- Isherwood, Shirley: Willem se Probleme, Anansi
- * Krasilovsky, Phyllis: Die man wat te lui was om the kook, Anansi

- Marshall, James: Bo in die Boom, Anansi
- Minarik, Else: Beertjie, Human & Rousseau
    - Pappa Beer kom huistoe, Human & Rousseau
    - Beertjie se vriendin, Human & Rousseau
    - Beertjie gaan kuier, Human & Rousseau
    - Beertjie kry ‘n soen, Human & Rousseau
- Myrick, Mildred: Die Klub van Drie
- Reiser, Lynn: Goeienag-Kat, Anansi
    - * Die Ongewone Gesin, Anansi
- Rylant, Cynthia: Mnr. Potter en Japie Bak Koek, Anansi
    - Mnr. Potter en Japie Drink Tee, Anansi
    - Mnr. Potter en Japie Gaan Stap, Anansi
- Wheeler, MJ: Jakkalsstories, Anansi
- Wood, Gilmour: Johann die Houtsnyer, Anansi

**<u>Hoofstuk-boeke vir selflees, of voorlees</u>**

(Hierdie boeke vereis ‘n vaardige leser. Hierdie boeke sou terselfdertyd ook geskik wees vir voorlees aan luisteraars met ‘n korter aandagspan.)

- Anderson, Paul: Die man wat stories maak, Die Kinderpers
- Dahl, Roald: Marius se merkwaardige medisyne, Human & Rousseau
    - Die Towervingertjie
- De Jong, Meindert: Die boemelaar en die klein muishondjie, Van Schaik
    - Die Fluister-eend
    - Die groot gans en die klein wit eendjie
    - Die hennetjie en die groot swart hond
    - Drie Hondjies maak ‘n Nasomer
    - Sadrag
- Godden, Rumer: Rabbedoesie, Qualitas
- King-Smith, Dick: Die Skaapvark, Human & Rousseau
- * Kirkegaard, Ole Lund: Albert

- *  Kowal, Juri: Wasja koop ‘n hond, HAUM
- Lindgren, Astrid: Bullerby se kinders, Human & Rousseau
    - Mio, my Mio
- *  Mahy, Margaret: Die Groot Seerowerige Rumoerifikasie, Human & Rousseau
    - Die zoep-zap-en-zirts-hom!-avontuur op Orkaanpiek, Human & Rousseau
- Pearce, Phillippa: Die Stryd om Huts en Pot
- Seed, Jenny: Katie in die goudvallei, Human & Rousseau
- Yates, Elizabeth: Sara in die Woud, Tafelberg

**<u>*  Strokiesprent en soortgelyke reekse</u>**

(Ek vermoed baie lesers is bekend met Kuifie (Tintin), en Asterix – het u geweet dis relatief onlangs in Afrikaans vertaal?  Ek noem die boeke hier nie vanweë uitstaande literêre waarde is nie, maar omdat dit goeie boeke is om ‘n trae leser aan te moedig.  Boonop skep dit die geleentheid om Sven Nordqvist se prettige boeke oor Pettson en sy kat Fielies bekend te stel. Hierdie boeke is nie strokiesprente nie, maar val tog vir my in die kategorie eerder as dié van Prentboeke).

- *  Goscinny & Uderzo: Asterix, Protea
    - (Asterix die Galliër is die eerste in die reeks)
- *  Hergé: Kuifie, Human & Rousseau
- *  Nordqvist, Sven: Die Verjaarsdagkoek, Protea
    - Die Jakkalsjag, Protea
    - Pettson gaan kampeer, Protea
    - Klein Fielies raak weg, Protea
    - Fielies se nuwe huisie, Protea

**<u>Hoofstuk-boeke vir voorlees, of voortreflike lesers van 9-10 jaar oud</u>**

(Hierdie boeke is geskik vir selflees, of voorlees aan kinders met ‘n langer aandagspan – en ek kan nie genoeg beklemtoon hoe verrykend dit is om wel nog voor te lees aan ‘n kind wat self ‘n uiters vaardige leser is nie.  Ons het so

min geleenthede om net rustig volledig by mekaar te wees in die hedendaagse wêreld.)

- * Biegel, Paul: Die Groot Klein Kaptein, Protea
  (bogenoemde bevat al drie die Klein Kaptein boeke)
    - Ek wens dat ek anders was, Tafelberg
- Blum, Lisa-Marie: Die Mallemeule, (Klein Kadet-reeks) Tafelberg
- Brown, Amanda: J. Moestafa Tau, Tafelberg
- Dahl, Roald: Matilda
- De Jong, Meindert: Kat in die Lang Pad, John Malherbe
- Grahame, Kenneth: Die Wind in die Wilgers
- Grobbelaar, Pieter: Die vermaaklike lewe van Tyl Uilspieël, Human & Rousseau
- Havrevold, Finn: Maren se Uiltjie, (Klein Kadet-reeks) Tafelberg
- Holmberg, Ake: Die Speurder, (Klein Kadet-reeks) Tafelberg
    - Die Speurder in die Woestyn (Klein Kadet-reeks)
- King-Smith, Dick: Jy's laf, Dirk! Human & Rousseau
- Kullman, Harry: Die Geheime Reis, (Klein Kadet-reeks) Tafelberg
- Lindgren, Astrid: Pippi Langkous, Human & Rousseau
    - Pippie Langkous gaan aan boord, Human & Rousseau
    - Pippie Langkous in die Suidsee, Human & Rousseau
- Lofting, Hugh: Dokter Dolittle en sy diere, Human & Rousseau
- Milne, AA: Winnie-die-Poeh
- Schmidt, Annie: Ottie, Protea
    - Wannie van die Woonstel, Protea
- Sehlin, Gunhild: Maria se Klein Esel, Simondium Uitgewers
- Stone, Ann: Die huis wat verdwyn het
- Sutcliff, Rosemary: 'n Kroontjie Eikeblare, John Malherbe
- White, EB: Charlotte se Web, Human & Rousseau
- Wilder, Laura Ingalls: Die Huis in die Groot Bos, Tafelberg
    - Die Huis op die Grasvlakte, Tafelberg

- Wölfel, Ursula: Die Rooi Rower, (Klein Kadet-reeks) Tafelberg

* ‘n Nota oor die Klein Kadet-reeks: ek het nog nie al die boeke in hierdie reeks gelees nie. Ek sluit slegs boeke in wat ek reeds gelees het, maar vermoed die hele reeks is die moeite werd. Hierdie boeke is uiteenlopend, maar almal boeiend, en sover ek kan sien, van konsekwente gehalte.

**Hoofstuk-boeke vir lesers van 10-12 jaar oud**

(Let asseblief daarop dat van hierdie boeke tematies of emosioneel meer geskik mag wees vir die ouer kind.)

- Biegel, Paul: Die Rooi Prinses, Protea
- De Jong, Meindert: Anderkant Pepermentstraat, J.L van Schaik
    - Dirk se hond Bello
    - Die kat op die toring
    - Snoepie, kom huis toe
- Eastwick, Ivy: ‘n Kameel vir Saida, HAUM
- Lindgren, Astrid: Baasspeurder Blomkwist, Human & Rousseau
    - Baasspeurder Blomkwist in die knyp, Human & Rousseau
    - Baasspeuder Blomkwist hier, Human & Roussau
- Norton, Mary: Die Leners, John Malherbe
    - Die Leners op die Water
    - Die Leners in die Lug
- O’Brien, Robert: Mev. Frisby en die rotte van Nimh
- O’Dell, Scott: Die Eiland van die Blou Dolfyne, Tafelberg
    - Die Swart Pêrel, Tafelberg
    - Komaan, Swart Ster!, Human & Rousseau
- Pearce, Philippa: Tom se middernagtuin, John Malherbe
- Schmidt, Annie: Minoes, Protea
- Van de Ventel, Edward: En toe kom Tom, Protea
- Wilder, Laura Ingalls: Die Huis in die Groot Bos, Tafelberg
    - Die Huis op die Grasvlakte

- Boerseun
- Die huis langs die silwer meer
- Die goeie goue jare
- Die dorpie op die grasvlakte
- Die eerste vier jaar
- Die huis langs die Pruimrivier
- Die lang winter

**Waar kan ek die boeke op die lys opspoor?**

Ons leef ongelukkig na die (eerste) groot bloeitydperk van Afrikaanse kinderliteratuur, sodat baie van die boeke op hierdie lys nie beskikbaar is vir bestelling by boekwinkels nie. Indien die boek onlangs verskyn het, vra dit asseblief aan by die uitgewers, wat, by genoegsame aanvraag, hopelik sal herdruk.  Ek beveel Protea Uitgewery se boeke aan en wil hul graag vermeld as ‘n besigheid wat steeds kwaliteit boeke vertaal en beskikbaar stel in Afrikaans.

Vir nuwe of ouer boeke, besoek gerus u plaaslike biblioteek. Ek vra dikwels boeke aan vanaf ander takke, wat die biblioteek doen teen ‘n minimale koste. Kaapstad se Stadsbiblioteek se webblad het ‘n goeie soekfunksie (klik op Quick Search) wat ek tuis gebruik om my aanvraaglys op te stel.

http://coct.slims.gov.za/desktop/desktopct/core/index.phtml?language=&euser=&session=&service=&robot=&deskservice=desktop&desktop=desktopct&workstation=&extra=

Ek bestel en koop ook graag goeie boeke tweedehands aan en kan www.kakkerlak.co.za aanbeveel.